

A F D E L I N G C.

DIE VRAELYS.

HOOFSTUK VI.

DIE OPSTEL VAN 'N GESKIKTE VRAELYS EN DIE
AGTERGROND VAN DIE BEVINDINGS.

1. Besonderhede insake die vraelys.

(a) Waarom 'n vraelys gebruik is.

Ten einde die eerste doelstelling te bereik wat in die Inleiding aangegee is, naamlik om die wese van kindertuin- of kleinkinderonderwys soos dit tans in Kaaplandse skole aangetref word, te bepaal, was dit nodig om (i) 'n opname te maak van die metodes en prosedures wat in voorbereidingskole en kindertuinafdelings van hoër-, middelbare en laerskole in Kaapland gevolg word, en (ii) die betrokke onderwysers(-esse) se beskouings oor bepaalde aangeleenthede te verneem.

Aangesien dit nie noodsaaklik geag is dat die ondersoeker elke skool in die uitgestrekte gebied persoonlik besoek nie en die benodigde gegewens op 'n doeltreffende wyse deur middel van 'n vraelys ingesamel kon word, is daar van 'n vraelys gebruik gemaak.

(b) Hoe die vraelys opgestel is.

Die ondersoeker het, deur uit sy kennis van die werk in die kindertuin te put, aanvanklik 27 algemene vrae opgestel en aan twee bevoegde beoordelaars, naamlik 'n kindertuininspektrise en 'n kindertuininspekteur, vir kommentaar, wenke en aanbevelings voorgelê.

Na ontvangs van die beoordelaars se wenke en aanbevelings het die ondersoeker die vrae deeglik nagegaan, uitgebrei en onder die volgende vyf hoofde geklassifiseer: (i) Algemeen; (ii) Tale; (iii) Getalwerk; (iv) Skrif; (v) Kleuterskole. In hierdie stadium was daar altesaam 65 vrae.

Vervolgens is die vrae, soos hierbo geklassifiseer, weer aan die kindertuininspektrise en die kindertuininspekteur gestuur, asook aan 'n omgangsinspekteur, 'n dosente aan 'n opleidingskollege, 'n ervare hoof van 'n groot laerskool en vier besonder knap en ervare kindertuinonderwyseresse. Hulle is almal versoek om die vrae met 'n kritiese oog te lees, die ondersoeker hul eerlike mening of kommentaar of kritiek te laat kry, nie te skroom om reguit te sê as hulle dink sommige vrae moet weggelaat word nie, en onder enigeen, of almal, van die vyf hoofde addisionele vrae aan die hand te doen wat hulle dink in so 'n vraelys behoort te wees.

Baie nuttige kommentaar en wenke is van bogenoemde medewerkers ontvang en daarna kon die vraelys in sy finale vorm gegiet word. Dit het onder meer tien vrae oor kleuterskole bevat, maar die ondersoeker het uiteindelik besluit om die afdeling met dié tien vrae weg te laat, deels omdat die vraelys baie lank geword het, maar veral omdat verreweg die meeste kindertuinonderwyseresse geen kennis van kleuteronderwys het nie en dit dus twyfelagtig is of daar uit hul antwoorde op vrae oor kleuterskole en -onderwys enigsins betroubare gevolgtrekkings gemaak sou kan word.

(c) Die inhoud van die vraelys.

In sy finale vorm bevat die vraelys die volgende:

AFDELING A: 17 vrae oor die skole en die kleinkinderonderwysers(-esse).

AFDELING B: A. Algemeen: 39 vrae oor organisatoriese en ander aangeleenthede.

B. Die Tale: 21 vrae.

C. Getalwerk: 12 vrae.

D. Skrif: 14 vrae.

'n Onderwyser(es) kan, op enkele uitsonderinge na, al die vrae beantwoord deur slegs kruisies te maak in die blokkies wat vir hierdie doel voorsien is. Die vraelys

bevat geen vrae wat verdere studie of navorsing van die kant van 'n onderwyser(es) vereis nie en volgens die ses onderwyseresse wat met die uittoets van die vraelys behulpsaam was, is nie meer as een uur tot hoogstens $1\frac{1}{2}$ uur nodig vir die voltooiing daarvan nie.

Die vraelys is net in Afrikaans opgestel. Geen beswaar is hierteen geopper nie en dit kan ook nie as 'n leemte beskou word nie, want slegs op Kimberley was daar 'n paar Engelssprekende onderwyseresse wat nie kans gesien het om die vraelys in Afrikaans te voltooi nie; dus het die ondersoeker, wat op Kimberley woon, persoonlik na hulle gegaan en hul gehelp deur die gedeeltes wat moeilikheid veroorsaak het, in Engels te vertaal.

Ten einde die ondersoeker in staat te stel om later, indien nodig, die leerkragte wat die vraelys voltooi het, in verskillende groepe te verdeel, is volledige besonderhede gevra betreffende hul geslag, huwelikstaat (in die geval van die dames), die aard van die betrekking deur hul bekleed en in watter soort skole, hul opvoedkundige kwalifikasies, huistaal, voertaal by die onderrig gebruik, onderwysondervinding, getal leerlinge in hul klasse, in watter standerds hul leerlinge is en hoeveel uur per week hulle (i) gedurende skoolure vry is, (ii) in hoër klasse onderwys gee, (iii) aan die maak van apparaat bestee.

Daar is op die vraelys voorsiening gemaak vir die vanne en voorletters van die onderwysers(-esse) en in slegs vyf gevalle is dié besonderhede nie verstrek nie. Dit het egter geen afbreuk gedoen aan die waarde van die antwoorde nie.

(d) Waar die betrokke leerkragte werksaam is.

Daar is tussen 2,000 en 3,000 blanke onderwysers (-esse) wat in Kaapland vir subst. A en/of subst. B en/of standerd I onderwys gee¹⁾ en, omdat dit ondoenlik en ook

¹⁾ Verkry uit gegewens wat deur omgangsinspekteurs verstrek is.

onnodig sou gewees het om die vraelys vir beantwoording aan so 'n groot aantal te stuur, moes besluit word of die vraelys aan 'n verteenwoordigende monster gestuur sou word of aan al die kleinkinderonderwysers(-esse) in 'n kleiner gebied.

Eindelik is besluit om die vraelys aan al die onderwysers(-esse) wat in Noord-Kaapland vir subst. A en/of subst. I en/of standerd I in skole vir blankes onderwys gee, te stuur. Daar bestaan geen rede om te vermoed dat die leerkragte in Noord-Kaapland ander metodes volg of ander sienswyses met betrekking tot die onderwys en opvoeding daarop nahou as leerkragte in enige ander deel van Kaapland nie, want hulle kry dieselfde akademiese en professionele opleiding; hulle volg dieselfde leerplanne; die omgangsinspekteurs en kindertuininspektrises wat hul skole besoek, handhaaf orals dieselfde standaard; daar is groot, middelmatige en klein skole; daar is hoër-, middelbare, laer- en voorbereidingskole; daar is skole in sowel stedelike as plattelandse gebiede; sommige onderwyseresse het spesiale opleiding vir kindertuinwerk gehad en ander nie; sommige beklee vaste en ander tydelike betrekkinge; daar is 'n aantal getroude onderwyseresse; daar is leerkragte met jarelange onderwys-ondervinding en ander met baie min ondervinding. Kortom, daar bestaan geen rede waarom die antwoorde wat Noord-Kaaplandse onderwysers(-esse) op vrae in die vraelys verstrek, nie as verteenwoordigend van Kaapland as geheel beskou kan word nie.

Vervolgens moes die grense van Noord-Kaapland bepaal word. Verskillende persone sal verskillende antwoorde gee op die vraag van waar tot waar Noord-Kaapland strek. Volgens dr. D. Brink²⁾ bestaan dit uit die volgende nege distrikte: Kimberley, Gordonia, Vryburg, Mafeking, Kuruman, Barkly-Wes, Hay, Herbert, Taungs. Die

²⁾ Brink, D. Noord-Kaapland: die geografiese faktore wat sy ontwikkeling bepaal, p. 45.

redaksie van 'n Kimberleyse koerant wat dikwels na die „Northern Cape" verwys, skuif die grense heelwat verder as dr. Brink en sluit Kenhardt in die weste en Philipstown in die ooste in, asook, meer na die suide, die landdrosdistrikte van De Aar, Britstown, Hopetown en Prieska.³⁾

Vir die doel van hierdie studie word nóg dr. Brink nóg „The Diamond Fields Advertiser" se grensbepaling net so gevolg en sluit ons al die skole vir blankes met kindertuinklasse in wat in die inspeksie-omgange is van die vyf inspekteurs van skole wie se hoofkwartiere tans op die volgende vyf dorpe is: Kimberley, De Aar, Upington, Vryburg, Barkly-Wes. Dit behels dan die skole in die volgende 24 skoolraadsgebiede (alfabeties aangegee): Barkly-Wes, Britstown, Carnarvon, Colesberg, De Aar, Gordonia, Hanover, Hay, Herbert, Hopetown, Kakamas, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, Loxton, Mafeking, Petrusville, Philipstown, Prieska, Strydenburg, Vaalharts, Victoria-Wes, Vosburg, Vryburg.

(e) Verlof om die vraelys te laat voltooi.

Nadat die vraelys in sy finale vorm deur die ondersoeker saamgestel was, is dit aan die Kaaplandse Onderwysdepartement gestuur met die versoek dat toestemming verleen word om dit deur al die kleinkinderonderwysers(-esse) in Noord-Kaapland te laat voltooi.

Die Onderwysdepartement het versoek dat een vraag gewysig word en het daarna die vraestel in sy geheel goedgekeur. Vervolgens is die benodigde aantal eksemplare van die vraelys laat druk.⁴⁾

(f) Aan wie die vraelys versend is.

Die vyf inspekteurs van skole in Noord-Kaapland se samewerking is vooraf verkry en hulle het alle moontlike hulp verleen. Blykens die besonderhede deur hulle verstrekk,

3) Supplement to The Diamond Fields Advertiser, 12 Mei 1964, p. 24 - 25.

4) 'n Monster van die gedrukte vraelys vorm Bylae A (q.v.)

was daar in die vierde kwartaal van 1964 altesaam 353 onderwysers(-esse) wat in die vyf omgange vir een of meer van die drie groepe - subst. A, subst. B, standerd I - onderwys gegee het. Die leerkragte was aan 159 verskillende skole verbonde en aan die hoof van elk van hierdie skole is soveel vraelyste gestuur soos daar kleinkinderskoolonderwysers(-esse) in sy personeel was.

Uit tabel 3 blyk die verskeidenheid en verteenwoordigende aard van die 22 hoër-, 10 middelbare, 121 laer- en 6 voorbereidingskole:

TABEL 3.

AANTAL, KLAS EN GROOTTE VAN SKOLE WAARHEEN VRAELYSTE GESTUUR IS.

| Grootte van skole | Hoërskole | Middelbare skole | Laerskole | Voorbereidingskole | Totaal |
|-------------------------------------|-----------|------------------|-----------|--------------------|--------|
| Skole met meer as 20 leerkragte elk | 7 | - | 2 | - | 9 |
| Skole met 11 - 20 leerkragte elk | 15 | 1 | 12 | 2 | 30 |
| Skole met 5 - 10 leerkragte elk | - | 9 | 12 | 3 | 24 |
| Viermanskole | - | - | 10 | - | 10 |
| Driemanskole | - | - | 13 | - | 13 |
| Tweemanskole | - | - | 46 | 1 | 47 |
| Eenmanskole | - | - | 26 | - | 26 |
| TOTAAL | 22 | 10 | 121 | 6 | 159 |

Die aantal leerkragte wat onder die hoër-, middelbare en laerskole in tabel 3 aangegee word, slaan in elke geval op die skool se volle personeel (van die laagste tot die hoogste standerd) en nie net op diegene wat vir een of meer van die kindertuinklasse onderwys gee nie. Slegs in die geval van die ses voorbereidingskole is al die personeel lede kleinkinderonderwyseresse.

(g) Die begeleidende skrywe.

Die vraelyste is op 9 November 1964 ge-pos, met die versoek dat hulle so spoedig moontlik, maar in ieder geval nie later nie as 1 Desember teruggestuur moes word.

In die begeleidende brief⁵⁾ is verduidelik wat met die vraelys beoog word en is aangedui wie gevra word om dit te voltooi. Voorts is daar 'n beroep op skoolhoofde gedoen om hul samewerking te verleen en die betrokke personeellede aan te spoor om die vraelyste te voltooi en so spoedig moontlik terug te pos.

Die onderwysers(-esse) wat versoek is om die vraelys te voltooi, is verseker dat die antwoord op elke vraag as uiters vertroulik behandel sou word; gevolglik is daar vir die terugsending van elke vraelys 'n afsonderlike gefrankeerde, geadresseerde koevert ingesluit.

(h) Die reaksie op die vraelys.

Daar was 'n uitstekende reaksie en 306 van die 353 leerkragte, d.w.s. 86.7%, het die vraelys voltooi en vroeg in Desember teruggestuur. Die mooi reaksie is aan verskillende faktore te danke:

- (i) Die ondersoeker ken die meeste skoolhoofde in die gebied persoonlik; gevolglik het hy makliker hul hulp en samewerking erlang as die geval met 'n vreemdeling sou gewees het.
- (ii) Die vyf omgangsinspekteurs het ook daadwerklike hulp verleen deur die onderwysers(-esse) aan te spoor om die vraelys te voltooi.
- (iii) Op Kimberley het die ondersoeker persoonlik die vraelyste by die verskillende skole gaan aflewer en later weer gaan afhaal.
- (iv) Die betrokke onderwysers(-esse) stel belang in die ondersoek, soos blyk uit verskeie bemoedigende briewe wat die ondersoeker saam met die vraelyste terugontvang het en waarin meer as een leerkrag verklaar dat so 'n ondersoek lankal moes onderneem gewees het.

5) Sien Bylae B.

(i) Hoe die vraelys beantwoord is.

Ofskoon daar altesaam 306 voltooide vraelyste terugontvang is, het sommige van die 306 onderwysers(-esse) nie ál die vrae beantwoord nie. Dit is in ooreenstemming met 'n versoek in die vraelys self,⁶⁾ naamlik dat die leerkragte nie vrae moet beantwoord oor aspekte van die werk waarvan hulle geen kennis of ondervinding het nie.

Nie een enkele terugontvange vraelys was waardeloos of onbruikbaar nie, maar dit het in 'n paar gevalle gebeur dat die antwoord op een of ander vraag buite rekening gelaat moes word omdat die onderwyser(es) die betrokke vraag klaarblyklik verkeerd verstaan het.

Die waarde van die antwoorde is verhoog deur die feit dat die vraelyste in November, d.w.s. aan die einde van die skooljaar, voltooi is, aangesien al die betrokke leerkragte toe al nagenoeg 'n jaar (minstens) onderwysondervinding gehad het en die antwoorde dus in geen enkele geval net op boekkennis nie, maar deurgaans ook op ervaring berus.

(j) Die betroubaarheid van die antwoorde.

Dit is begryplikerwys onmoontlik om te sê of elke onderwyser(es) op elke vraag eerlik geantwoord het. In die vraelys is beklemtoon dat dit die leerkrag se eie mening of metode of prosedure is wat die ondersoeker graag wil verneem, selfs al verskil dit van dié van sy/haar inspekteur of inspektrise of skoolhoof. Daar is voorts belowe dat die antwoord op elke vraag as uiters vertroulik behandel sal word; gevolglik kan die ondersoeker nie anders nie as om aan te neem dat die gegewens soos in die voltooide vraelyste verstrek, die toestand weergee soos dit werklik in die betrokke skole bestaan en dat die menings wat die onderwysers (-esse) uitspreek, hul eerlike menings oor die betrokke aangeleenthede is.

⁶⁾ Sien Bylae A, p. 1, paragraaf 5.

2. Besonderhede insake die skole en die onderwysers(-esse) wat die vraelys voltooi het.

In hierdie tweede deel van die hoofstuk word daar in tabelvorm 'n samevatting gegee van die gegewens wat in die antwoorde op die vrae in Afdeling A van die vraelys verstrekk is. Dit staan in verband met die skole en die onderwysers(-esse), ^{en} in 'n mindere mate ook die leerlinge, op wie hierdie ondersoek betrekking het en is eintlik die agtergrond van die bevindings en van die gevolgtrekkings waartoe daar geraak word.

TABEL 4.

AANTAL LEERKRAGTE IN VERSKILLENDE KLASSE VAN SKOLE (Vraag 3).

| Klas van skool | Aantal leerkragte | % |
|-------------------|-------------------|------|
| Hoërskole | 66 | 21.6 |
| Middelbare skole | 18 | 5.9 |
| Laerskole | 180 | 58.8 |
| Vorbereidingskole | 42 | 13.7 |
| TOTAAL | 306 | 100% |

Tabel 4 toon aan hoeveel van die 306 onderwysers(-esse) wat die vraelys voltooi het, aan die personele van hoërskole, middelbare skole, laerskole of voorbereidingskole verbonde is. Aangesien verreweg die meeste skole in Kaapland laerskole is, is dit nie verbasend dat 58.8% van die leerkragte in laerskole werksaam is nie.

TABEL 5.

AANTAL LEERKRAGTE IN VERSKILLENDE SOORTE SKOLE (Vraag 4).

| Soort skool | Aantal leerkragte |
|------------------|-------------------|
| Seuns en meisies | 301 |
| Net seuns | 2 |
| Net meisies | 3 |
| TOTAAL | 306 |

Daar is in Noord-Kaapland net een seunskool met 'n kindertuinafdeling en ook net een meisieskool met 'n kindertuinafdeling. Soos uit tabel 5 blyk, is die aantal onderwyseresse in dié twee skole wat die vraelys beantwoord het, 2 en 3 onderskeidelik.

TABEL 6.DIE GESLAG VAN DIE LEERKRAGTE (Vraag 6).

| Geslag | Aantal leerkragte | % |
|----------------|-------------------|------|
| Manlik | 14 | 4.6 |
| Vroulik (mej.) | 136 | 44.4 |
| Vroulik (mev.) | 156 | 51.0 |
| TOTAAL | 306 | 100% |

TABEL 7.BETREKKING DEUR LEERKRAGTE BEKLEE (Vraag 7).

| Betrekking | Aantal leerkragte | % |
|------------------------------|-------------------|------|
| Hoof | 26 | 8.5 |
| Onderhoof | 1 | .3 |
| Spesiale Graad- assistent | 5 | 1.6 |
| Assistent | 274 | 89.6 |
| TOTAAL | 306 | 100% |

TABEL 8.HOEDANIGHEID WAARIN BETREKKING BEKLEE WORD (Vraag 8).

| Betrekking: hoedanigheid | Aantal leerkragte | % |
|-----------------------------|-------------------|------|
| Permanent | 128 | 41.8 |
| Op proef ⁷⁾ | 31 | 10.1 |
| Tydelik | 147 | 48.1 |
| TOTAAL | 306 | 100% |

7) 'n Onderwyseres wat op proef aangestel is, bekleë nog nie 'n vaste (of permanente) betrekking nie, maar is ook nie bloot tydelik aangestel nie. Indien haar werk dit regverdig, kan sy na 'n vasgestelde tydperk, en op aanbeveling van sekere instansies, permanent aangestel word.

Bostaande drie tabelle bevat besonderhede in verband met die onderwysers(-esse) self. Tabel 6 gee die aantal manlike en die aantal vroulike leerkragte aan en in die geval van die dames ook hul huwelikstaat; tabel 7 bevat besonderhede oor die betrekking wat die leerkragte beklee (hoof, onderhoof, spesiale graad-assistent of assistent) en tabel 8 besonderhede oor die hoedanigheid waarin dit beklee word (permanent, op proef of tydelik).

TABEL 9.

OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES (Vraag 9a en b).

| Opvoedkundige kwalifikasies | Aantal leerkragte | % |
|-------------------------------------|-------------------|------|
| K.O.S. of gelykstaande | 103 | 33.6 |
| K.O.S. + H.P. | 2 | .7 |
| K.O.S. + D.O.S.K. | 1 | .3 |
| Nas. Sert. vir Kleuter- onderwys | 1 | .3 |
| H.P. of gelykstaande | 40 | 13.1 |
| P.O.S. of gelykstaande | 146 | 47.7 |
| O.3. | 3 | 1.0 |
| B.A., S.O.D. | 2 | .7 |
| O.D.H.N. | 1 | .3 |
| Ongediplomeerd | 2 | .7 |
| Onvermeld | 5 | 1.6 |
| TOTAAL | 306 | 100% |

Uit tabel 9, wat die professionele kwalifikasies van die leerkragte aantoon, blyk dat verreweg die grootste groep, 47.7%, net die twee jaar algemene opleiding as onderwyseresse gehad het, sonder enige spesiale opleiding in kindertuinwerk (of juniorwerk, soos dit in Transvaal genoem word), en dat altesaam 106 leerkragte, d.w.s. 34.6%, kindertuinopleiding gehad het, terwyl een onderwyseres vir kleuteronderwys gekwalifiseerd is.

Die vyf wat as onvermeld aangegee word, het blykbaar net nie raakgesien dat hul kwalifikasies gevra word nie, want hulle het die res van die vraelys behoorlik voltooi.

TABEL 10.

PLEEK VAN OPLEIDING (Vraag 9c)

| Plek van opleiding | Aantal leerkragte | % |
|-------------------------------|-------------------|------|
| Kaaplandse Opleidingskolleges | 261 | 85.3 |
| Transvaalse Onderwyskolleges | 18 | 5.9 |
| Onderwyskollege, Bloemfontein | 12 | 3.9 |
| Universiteite | 13 | 4.2 |
| Ongediplomeerd | 2 | .7 |
| TOTAAL | 306 | 100% |

Die gegewens wat in tabel 10 verstrekk word, is gevra om o.a. vas te stel of 'n noemenswaardige aantal onderwysers (-esse) hul opleiding in ander provinsies (as Kaapland) gekry het. Soos tabel 10 aantoon, is 30 leerkragte, d.w.s. 9.8%, in Transvaalse en Vrystaatse kolleges as onderwysers (-esse) opgelei; en hierby kan gevoeg word dat 3 ander hul opleiding aan 'n universiteit in Transvaal gekry het. Soos verwag kon word, het die oorgrote meerderheid, naamlik 85.3%, van die leerkragte hul opleiding in Kaaplandse opleidingskolleges gekry.

TABEL 11.

HUISTAAL EN VOERTAAL BY DIE ONDERRIG (Vrae 10 en 11).

| | Huistaal | % | Voertaal by die onderrig | % |
|----------------|----------|------|--------------------------|------|
| Afrikaans | 276 | 90.2 | 265 | 86.6 |
| Engels | 19 | 6.2 | 23 | 7.5 |
| Afr. en Engels | 11 | 3.6 | 18 | 5.9 |
| TOTAAL | 306 | 100% | 306 | 100% |

Tabel 11 verskaf besonderhede aangaande die huistaal van die onderwysers(-esse), asook die voertaal wat by die onderrig gebruik word. Sowel die huistaal as die voertaal is in verreweg die meeste gevalle Afrikaans.

Daar is nie syfers beskikbaar wat die aantal Afrikaans- en Engelssprekende kindertuinonderwysers(-esse) in Kaapland afsonderlik aangee nie. Dit wil egter voorkom asof die gegewens in tabel 11 nie as verteenwoordigend van Kaapland as geheel beskou kan word nie.

TABEL 12.

ONDERWYSONDERVINDING VAN LEERKRAGTE (Vraag 12a)

| Aantal jare onderwysondervinding | Aantal leerkragte | % |
|----------------------------------|-------------------|------|
| Meer as 20 jaar | 43 | 14.1 |
| 11 - 20 jaar | 66 | 21.6 |
| 6 - 10 jaar | 57 | 18.6 |
| 1 - 5 jaar | 140 | 45.7 |
| TOTAAL | 306 | 100% |

TABEL 13.

ONDERVINDING VAN KINDERTUINWERK (Vraag 12b).

| Aantal jare ondervinding | Aantal leerkragte | % |
|--------------------------|--------------------|------|
| Meer as 20 jaar | 21 | 7.0 |
| 11 - 20 jaar | 59 | 19.8 |
| 6 - 10 jaar | 47 | 15.8 |
| 1 - 5 jaar | 171 | 57.4 |
| TOTAAL | 298 ⁽⁸⁾ | 100% |

Tabelle 12 en 13 bevat gegewens oor die onderwysondervinding van die leerkragte en gee onderskeidelik hul totale ondervinding en hul ondervinding in kindertuinklasse aan. In albei gevalle is die groep met 1 - 5 jaar ondervinding verreweg die grootste en die groep met meer as 20 jaar ondervinding die kleinste.

8) Agt leerkragte het nagelaat om hul ondervinding in kindertuinklasse aan te gee. Vandaar dat die totaal 298 in tabel 13 is en nie 306 soos in tabel 12 nie.

TABEL 14.

GROOTTE VAN KLASSE (Vraag 13).

| Grootte van klasse | Aantal leerkragte | % |
|--------------------|-------------------|------|
| 20 of minder | 84 | 29.1 |
| 21 - 25 | 31 | 10.7 |
| 26 - 30 | 56 | 19.4 |
| 31 - 35 | 72 | 24.9 |
| 36 - 40 | 27 | 9.3 |
| 41 - 49 | 15 | 5.2 |
| 50 of meer | 4 | 1.4 |
| TOTAAL | 289 | 100% |

Uit tabel 14, wat aantoon hoeveel leerlinge daar in die kindertuinklasse is, blyk dat presies 55% (10.7 + 19.4 + 24.9) van die betrokke onderwysers(-esse) 21 - 35 leerlinge in hul klasse het. Ons kom later hierop terug wanneer die antwoorde op vraag 27, wat op die maksimum aantal leerlinge in 'n kindertuinklas betrekking het, bespreek word.

Van die vier onderwyseresse wat 50 of meer leerlinge elk het, is een vir 55 subst. B-leerlinge verantwoordelik, terwyl 'n ander een se taak nog moeiliker is deurdat sy 'n klas van 56 het wat uit subst. B- én standaard I-leerlinge bestaan. So 'n toestand behoort nie in 'n groot laerskool voor te kom nie!

Die persentasie leerkragte wat 20 of minder leerlinge het, is betreklik hoog, naamlik 29.1%. Dit is daaraan toe te skryf dat verreweg die meeste van dié onderwysers(-esse) in klein laerskole (veral eenman-, tweeman- en driemanskole) of klein middelbare skole werksaam is of vir die Engels-medium-klasse in 'n skool met oorwegend Afrikaanssprekende leerlinge verantwoordelik is. In al drie die genoemde gevalle is die leerlinge van verskillende standerds gewoonlik saam gegroepeer.

TABEL 15.

STANDERDS WAARVOOR DIE LEERKRAGTE VERANTWOORDELIK IS
(Vraag 14).

| Standerds | Aantal leerkragte | % |
|------------|-------------------|------|
| Subst. A | 58 | 19.0 |
| Subst. B | 54 | 17.6 |
| Standerd I | 76 | 24.8 |
| A en B | 39 | 12.7 |
| B en I | 10 | 3.3 |
| A, B en I | 69 | 22.6 |
| TOTAAL | 306 | 100% |

Volgens tabel 15, wat aantoon vir watter standerds die 306 leerkragte onderwys gee, is altesaam 188, of 61.4%, vir een standerd elk verantwoordelik. 'n Betrekklike groot aantal, 22.6%, gee vir al drie die standerds (A, B en I) onderwys. Die meeste van hierdie groep is in een- of tweemanskole werksaam, terwyl 'n paar vir die Engelsmedium-klasse in skole met oorwegend Afrikaanssprekende leerlinge verantwoordelik is.

TABEL 16.

HOEVEEL UUR PER WEEK VRY (Vraag 15).

| Uur per week vry | Aantal leerkragte |
|------------------|-------------------|
| Meer as 5 uur | 10 |
| 3 - 5 uur | 52 |
| 1 - 2 uur | 86 |
| Glad nie vry nie | 155 |
| TOTAAL | 303 |

Tabel 16 toon aan hoeveel uur per week elkeen van die 303 onderwysers(-esse) wat vraag 15 in Afdeling A van die vraelys beantwoord het, vry is. Dit is nie verbasend dat meer as die helfte, naamlik 155, glad nie vry is nie, aangesien minstens al die leerkragte met gegroepeerde klasse in klein skooltjies die volle vyf uur elke dag moet skoolhou. Tien leerkragte is elk méér as vyf uur per week vry. Dit kom as hoog voor, behalwe in die geval van hoofde van voorbereidingskole, wat by die tien ingesluit is.

TABEL 17.

UUR PER WEEK ONDERWYS IN HOËR KLASSE (Vraag 16).

| Uur per week in hoër klasse | Aantal leerkragte |
|-----------------------------|-------------------|
| Meer as 5 uur | 53 |
| 3 - 5 uur | 82 |
| 1 - 2 uur | 69 |
| Glad nie | 55 |
| TOTAAL | 259 |

In vraag 16 van Afdeling A van die vraelys is onderwysers(-esse) gevra om te meld hoeveel uur per week hulle in die hoër klasse (d.w.s. nie in subst. A of subst. B of standerd I nie) onderwys gee. Die bedoeling was om te weete te kom hoeveel uur per week kindertuinonderwyseresse in die hoër klasse help (bv. met Naaldwerk of Sang) nadat hul eie leerlinge huis toe is, maar ongelukkig het daar met die beantwoording van die vraag verwarring ontstaan in verband met die leerkragte in wie se klasse leerlinge van hoër standerds saam met hul kindertuinleerlinge gegropeer is. Die gegewens is toe só getabuleer dat enige leerkrag in wie se klas leerlinge van standerd II of hoër saam met kindertuinleerlinge gegropeer is, in tabel 17 by die groep „meer as 5 uur“ ingedeel is.

In die geval van voorbereidingskole, waar standerd I die hoogste klas is, kan daar vanselfsprekend geen onderwyseresse wees wat in die hoër klasse onderwys gee nie. Vandaar dat die totale aantal leerkragte wat vraag 16 beantwoord het, slegs 259 is.

TABEL 18.

UUR PER WEEK AAN MAAK VAN APPARAAT BESTEE (Vraag 17).

| Apparaat: uur per week | Aantal leerkragte |
|---------------------------|-------------------|
| Meer as 10 uur | 43 |
| 6 - 10 uur | 74 |
| 3 - 5 uur | 100 |
| 1 - 2 uur | 56 |
| Geen | 21 |
| TOTAAL | 294 |

Tabel 18 toon aan hoeveel uur per week die leerkragte aan die maak van apparaat (of ander voorbereiding) bestee. Veral in groot skole is dit gebruiklik dat kindertuin- onderwyseresse een of meer uur per week van ander verpligtinge vrygestel word, sodat hulle tyd kan hê om aan die maak van apparaat of ander voorbereidingswerk te bestee. Die meeste onderwyseresse vind dit egter noodsaaklik dat hulle na skoolure ook hieraan moet werk. Die gegewens in tabel 18 sluit die tyd in wat gedurende én na die skooldag aan apparaat bestee word.

Dit blyk nie uit tabel 18 nie, maar moet tog vermeld word dat verreweg die grootste persentasie van die leerkragte wat meer as 10 uur per week aan die maak van apparaat bestee, aan voorbereidingskole verbonde is, terwyl die 21 leerkragte (sien tabel 18) wat geen tyd aan apparaat bestee nie, nie 'n enkele onderwyseres van 'n voorbereidingskool insluit nie.